

# Dagstukkies

NG Gemeente Wonderpark

Liewe gemeente



Met die *lockdown* nou langer, moet ons meer dagstukkies of huisgodsdienst-stukkies vir julle skryf. Ek stuur hiermee vir die volgende twee weke se dagstukkies. Ernst sal vir die laaste twee weke van die *lockdown* dagstukkies stuur.

Liefde

Annelize

## ANDERKANT DIE POTSKERWE

Vierduisend jaar gelede het daar 'n man in Us, in die noorde van Arabië gewoon. Hy kon net sowel ná 1994 in Suid-Afrika geleef het. Hy kon net sowel in 2020 geleef het. Want net soos ons verhale, is sy verhaal deurweef met verskriklike verliese, vernedering, ontbering, skok en trauma. Dit is die verhaal van 'n man wat moes worstel met onverdiende pyn en vrae na die teenwoordigheid van God in 'n trauma. Sy verhaal is soortgelyk aan baie Suid-Arikaners se verhale en roep ons om saam met hom te worstel om sy en derhalwe ook ons eie lyding te verstaan. Kán 'n gelowige ly? Waarom gebeur sulke slegte dinge met goeie kinders van God? Trauma is soos 'n bomontploffing. Dit spaar niks en ruk alles uitmekaar. Dit ruk jou geloof in God uitmekaar. Dit ontnugter jou. Wat voorheen vir jou 'n sekerheid was, is skielik vaag. Jy worstel oor God, jou medemens, die wêreld en veral oor die sin van jou bestaan. En daarom dompel 'n trauma gelowiges dikwels ook in ernstige geloofskrississe.

Slagoffers van trauma ervaar 'n opstandigheid teenoor God. Jy begin twyfel in God se bestaan en die Bybel se boodskappe van liefde en almag. Job se teologie het hom in die steek gelaat. Hy het reg geleef en onregverdig gely.

Hierdie twee weke gaan ons saam met Job stap op sy geloofspad.



## Dinsdag 14 April

### Twyfel ten tye van trauma

Gelowige Job het ook met ernstige geloofsvrae na trauma geworstel. Slagoffers van trauma vra dikwels: Waarom is my kind dood?

Waarom nou?

Waarom so?

Waarom ék wat so baie vir die kerk doen?

Waarom het U toegelaat dat die aanvallers in my huis inkom?

Waar was U toe die siekte in my liggaam begin vorm het?

Ek wil jou as gelowige wat ook na 'n trauma worstel met jou geloof gerusstel. Die feit dat jy wel so 'n geloofskrisis na 'n trauma beleef, is nie 'n teken van jou ongeloof nie maar juis van jou geloof. Iemand het eendag die mooi voorbeeld gegee van 'n driejarige dogtertjie wat swaai in die parkie met haar pa wat naby haar staan. En dan val sy van die swaai af. En na die val staan sy op en sit haar arms in haar sye en wys haar vinger na haar pa en trap hom uit: "Hoekom het Pappa my nie gevang nie. Jy is my pa en moes gekeer het dat ek nie so seerkry nie!" Sy baklei omdat sy hom vertrou en verwag dat hy haar van alle seerkry sal beskerm.

Daarom kan jy sonder skuldgevoelens deur jou geloofsvrae worstel.

## Woensdag 15 April

### Vertikale perspektief weerhou horisontale paniek.

*Toe het Job opgestaan en sy klere geskeur. Hy het ook sy hare afgeskeer. Daarna het hy op die grond gaan lê en gesê: "Sonder iets het ek in die wêreld gekom en sonder iets gaan ek daaruit. Die Here het gegee en die Here het geneem. Prys die Naam van die Here."*

*Job 1:20-21*

Die trauma neem die diep gelowige Job van 'n biljoenêr na 'n man wat nie sy huisverband, water en elektrisiteit en motorpaaient kan betaal nie. Van 'n vader van tien kinders na 'n kinderlose siek man sonder enige vooruitsigte van 'n nageslag.

Hy gaan lê op die grond en ure gaan verby, miskien dae... Toe eers praat hy. Hy het alles verloor en hy sê: "Prys die Here." Hierdie woorde ontken nie die trauma nie. Inteendeel, hy was so oorweldig deur die trauma dat hy sy klere geskeur het. Hy was gebroke en hartseer en het gerou oor sy kinders. Maar hy val ook op die grond en hy aanbid God.



Vertikale perspektief het hom weerhou van horisontale paniek. Job sê: “Ek het gehad en ek het geniet. Nou is ek sonder enige voordele. Ek is gebroke van pyn oor my kinders. Maar dieselfde God by wie ek alles gekry het uit genade, het gekies in Sy sowereine wil dat ek dit verloor. En ek prys Hom. Hy het gegee (makliker om dit te sê) en Hy het geneem (moeiliker om dit te sê). Hiermee erken Job dat al sy materiële besittings en al sy kinders van God kom en aan God behoort. Om redes wat Job nie weet nie neem God dit terug.

## **Donderdag 16 April**

### **Ek kan nie my lyding verstaan nie maar ek prys U**

*My gedagtes is nie julle gedagtes nie. En julle optrede nie soos Myne nie, sê die Here.*

*Soos die hemel hoër is as die aarde, so is my optrede verhewe bo julle optrede. En my gedagtes bo julle gedagtes.*

*Jesaja 55:8-9*

Job sê: “Ons is gebroke. Daar moet ‘n plan wees al kan ons dit nie nou sien nie. Ek verstaan God nie. Ek kan my lyding nie verduidelik nie, maar ek prys Sy naam.”

Daar is dae in ‘n mens se lewe dat dit te donker is om lig te sien. Daar is goed wat met ‘n mens gebeur wat so afgryslik is dat jy geen hoop meer het nie. Hoe leef mens saam met ‘n man wat verslaaf is aan pornografie en daarna jou liggaam misbruik? Daar is smart wat te diep is om verligting voor te kry. Hoe integreer jy die feit dat jy lief is vir jou man met die wreedheid van sy woorde of sy hou? Iemand wat in ‘n rooftog of motorongeluk was, wat afkom op ‘n kind wat selfmoord pleeg, wat voor die dokter sit en hoor hy of sy het ‘n ernstige siekte, se lewe verander binne sekondes.

God is vol deernis en medelye maar Sy plan is bokant ons begrip. Slegs God ken ons hele lewe se prentjie en Job glo dit op hierdie stadium in sy reis deur sy trauma’s wanneer hy vir sy vrou sê dat as ons die goeie uit God se hand neem, hoekom nie ook die slegte nie? Eendag in die hemel in God se teenwoordigheid sal ons eers ten volle verstaan wanneer ons die panoramiese prentjie sien.

Dan sal Job ook seker sê: “So dít was die rede!”



## Vrydag 17 April Geloofsreuse raak ook depressief

*Toe het Job begin praat en sy geboortedag vervloek.*

*Hy het gesê: “Die dag waarop ek gebore is, moes nooit aangebreek het nie, die nag toe gesê is ‘n seuntjie het in die wêreld gekom.”*

*Job 3*

Die aanvanklike berustende, gelowige houding van Job eindig wanneer hy in hoofstuk 3 uitbarstings kry, gevolg deur ‘n diepe depressie. Sommige dae is net donkerder as ander dae. Die spreekwoord lui: “Dit is op sy donkerste net voor dagbreek.” Maar dit kan ure duur voor die dag breek. Die derde hoofstuk in Job is in die ure voor dagbreek geskryf en is seker een van die mees neerdrukkendste hoofstukke in die Bybel. Ons lees in hierdie hoofstuk van ‘n heeltmal ander Job as die een waarvan ons in hoofstuk 1 en 2 gelees het. Daar is ‘n groot verskil tussen die onderdanige gelowige van die eerste twee hoofstukke en die wanhopige man met die waarom-vrae in hoofstuk 3.

Job het vir dae stilgebly en nou bars hy uit en deel sy vreeslike pyn met ons. Alhoewel hy nooit selfmoord oorweeg nie, is hy spyt dat hy ooit gebore is. Hy wil nie sy lewe beëindig nie, maar wens dat hy nooit gebore was nie of dat hy met geboorte gesterf het. Job se teologie het hom in die steek gelaat. Hy het reg geleef en onregverdig gely.

Die feit dat ook so ‘n geloofsreus depressief geraak het, is bemoedigend. Slagoffers van trauma mag maar ‘n opstandigheid teenoor God ervaar en twyfel in God se bestaan en die Bybel se boodskappe van liefde en almag.

## Maandag 20 April Jy mag God raakloop in jou trauma-verhaal

Trauma bring vrae oor die sin en doel van die gebeure na vore. Daarom is dit nodig om oor jou trauma te praat en jou verhaal dan te interpreteer. Vandag gesels ons oor die doel van “om te vertel van jou trauma-verhaal”. Om jou verhaal te vertel is ‘n manier hoe jy weer die trauma kan herbeleef en weer die emosies wat met die trauma geassosieer is, kan voel.

Coll (1992) is van mening dat getraumatiseerde mense deur verhale hulle geloof herinterpreteer. Die doel van verhale is “faith seeking understanding” en “... not to defend God in the face of overwhelming evil and suffering but to come to grips with demanding questions as honestly as we



can.” Om jou trauma-verhaal te vertel is ‘n soeke na betekenis, in die lig van geloof sodat ‘n mens kan agterkom wat agter die gebeure in die lewe sit.

Die uiteindelige doelwit om oor jou trauma te praat, is dat jou traumaverhaal in Jesus se verhaal kan inpas. Jou storie moet saamsmelt met die Godsverhaal sodat jou storie betekenis kan kry. Ek is oortuig dat wanneer ‘n mens ‘n verbinding tussen die traumaslagoffer se verhaal en God se verhaal maak, die getraumatiseerde persoonlik groei en ‘n gevoel van bevryding ervaar.

Julian Müller skryf: “’n Storie is .... ‘n beskrywing en verklaring vir waarom dinge is soos dit is. Daarom is dit ook heeltemal moontlik dat jy God kan raakloop in die proses van die vertel van jou storie...”

## **Dinsdag 21 April** **Geestelike groei by die ashoop**

*Ek weet dat my Losser leef, uiteindelik sal Hy op die aarde  
trionfeer!*

*Selfs nadat hierdie siekte my vel weggevreet het, sal ek nog lewe  
en God sien.*

*Ek sal Hom sien, met my eie oë sal ek Hom sien, hom en  
niemand anders nie.*

*Job 19:25-26*

Op 2 Julie 1969 land Neil Amstrong op die maan en word hy die eerste mens wat ‘n tree op die maan gee. In die jaar 33 na Christus land die eerste Mens met ‘n verheerlikte liggaam op aarde. Sy ruimtetuig was ‘n graf en hy klim uit die graf en gee die eerste tree vir die Nuwe mens op aarde. Vir veertig dae loop Hy rond, gesels, eet en kuier, hy beweeg deur mure en deure, verdwyn en verskyn weer op heeltemal ‘n ander plek en uiteindelik vaar Hy op na die hemel.

In Job se pyn en meegaande geestelike worsteling groei hy tot so ‘n mate dat hy hierdie Verlosser sien en dit nog vóór die landing. Sy trauma-reis bring hom tot die oortuiging dat hy met sy eie oë sy Verlosser sal sien en na hom sal kyk as sy Vriend: Wat ‘n diep moment vir ‘n man wat 2000 jaar voor Jesus se kruis geleef het. Dit is net trauma wat sulke diep geestelike denke kan bring. Ons leef na Golgota en die uitstorting van die Heilige Gees. Jy moet weet dat daar iemand is wat vir jou bid na trauma wanneer jy nie meer kan bid nie. Hy praat op hierdie oomblik met God oor jou pyn.



**Woensdag 22 April**  
**Anderkant Job se seergemaakte wêreld**

*Lees Job 38-41*

Uiteindelik na 'n lang stilte van 37 hoofstukke praat God. In Sy gesprekke met Job vra Hy nie om verskoning omdat Hy so lank stil was nie. Hy gee geen inligting oor sy gesprek met Satan nie. Hy gee geen erkenning dat Hy Job gesien ly het nie. Hy verduidelik ook nie waarom die trauma gebeur het nie. Nee, Hy neem Job op 'n wildsrit.

Ek het nogal gewonder waarom God van al die tye wat Hy kon kies om die mens 'n les in die waardering van die skepping te gee, Hy nou juis hierdie oomblik kies, waarin Job met soveel intense vrae na 'n verskriklike trauma worstel? Toe het ek besef dat God Job wou wegneem uit sy trauma en die teologie van sy tyd. Hy neem hom uit sy depressiewe denke en isolasie en wys hom die heerlikheid van Sy werke. Hy lei Job se gedagtes weg van sy ellende deur sy horisonne te verbreed met die heerlikheid van God. Hy gaan Job help om anderkant sy seergemaakte wêreld te kom en terwyl Hy dit doen, berei Hy hom voor vir nuwe begrip vir Sy weë. Daarom sê Hy by wyse van spreke vir Job: "Kom ons twee gaan Kenia toe. Daar kan ons langs die see loop vir kilometers en daarna gaan ons twee op 'n wildsrit om die groot vyf te sien." En hier langs die lang wit strande en daarna in die ruie bosse gesels God met Job oor alles behalwe Job se konkrete probleme.

"Sien jy dit, Job?"

"Herken jy dit? Raak verwonderd oor die kompleksiteit van My skepping. Geniet die skepping. Jy kan dit nie beheer nie, maar dit is onder My beheer."

**Donderdag 23 April**  
**God kom nie altyd op Sy tone in ons wêreld in nie.**

*Toe het die Here vir Job aangespreek uit 'n stormwind uit: "Wie is dit wat besig is om my bedoelinge te dwarsboom met woorde wat getuig dat hy geen insig het nie? Maak jou reg vir die stryd: Ek sal vra, antwoord jy My."*

*Job 38:1-3*

God kom haal Job in 'n stormwind. 'n Stormwind is 'n sandstorm. Terwyl die jeukende, verflenterde Job, met sy vriende op die ashoop sit en mediteer kyk Job in die windrigting en sien hoe 'n reuse sandstorm oppad is. Dieselfde sandstorm wat sy kinders dood gemaak het, is oppad na hom toe. En uit



hierdie storm praat God. Daar is geen logika hieraan nie. Sou dit nie beter gewees het as God saggies by Job tussen die as gaan sit het en met hom gepraat het uit 'n sagte windjie of 'n ligte briesie nie? Hy kom nie altyd op Sy tone in ons wêreld in nie.

Ons is so geneig om God voorspelbaar te wil maak. Maar Hy doen net soos Hy wil. Uit dieselfde krisis (sandstorm) wat hom getref het, wat gemaak het dat hy in sak en as sit, praat God met hom.

Dink terug in jou lewe. Weet jy waar het jy God ten diepste ervaar? Nie toe jy in 'n kerkdiens gesit het nie, nie toe jy *ge-praise en worship* het nie, maar toe daar traumatiese dinge met jou gebeur het en God uit die krisis met jou gepraat het. Hy het nie jou trauma weggeneem nie. Hy het ín jou trauma met jou gepraat.

## **Vrydag 24 April**

### **Job sien God se handtekening orals in die skepping**

*Is dit deur jou insig dat 'n valk vlieg, dat hy sy vlerke na die suide toe span? Is dit op jou bevel dat 'n aasvoël hoog opvlieg en sy nes in die hoogte gaan bou? Hy woon op die rotse, hy bly daar, op die spits...*

*Job 39:29-33*

God gebruik die diere waarby hulle verby ry om Job te herinner aan die wonderlike skepping. Dit is hoe God met Job gesels: Hy neem die gewone, alledaagse, wonderlike skeppings en paradeer hulle soos in 'n sirkusring voor Job verby, om Job te herinner aan Sy Koninklike mag en glorie. Soos hulle ry, sien Job God se handtekening orals. Hy hoor die genot in God se stem wanneer Hy oor die natuur praat. Die kern van God se boodskap is: "Vertrou my. Ek is dit werd om God te wees."

Baie van Job se pyn kom van sy obsessie om die betekenis van sy omstandighede te ontsyfer. Al hierdie gedeeltes asem die lug van vryheid, krag en onafhanklikheid in. Baie van hierdie diere lei 'n vrye lewe en is nie bruikbaar vir die mens nie.

God draai na Job en vra teer: "Job, kan jy die skepping verklaar? Kan jy die skepping instand hou? Kan jy die skepping mak maak? Nee, jy kan nie."

Job se vraag was: "Hoekom moet 'n goeie mens ly? God, sit Uself in my skoene."



God antwoord: “Job, voordat jy nie weet hoe om die son elke dag te laat opkom of hoe om ‘n seekoei te ontwerp nie, mag jy nie oordeel hoe Ek die wêreld bestuur nie.”

## **Ekstra dae** **Neem jou *waarom*-vrae na God toe**

*Teen drie-uur het Jesus hard uitgeroep: “My God, my God, waarom het U My verlaat?”*

*Matteus 27:46*

Mense wat trauma beleef hardloop soms rond na verskillende geneeshere, wondergenesers, drank, pille en enige plaasvervanger wat die pyn sal verlig of die seer sal gesondmaak.

2000 jaar na Job word Jesus gekruisig. Terwyl Hy aan die kruis hang en ontsettende fisiese pyn beleef, het Hy met ‘n intense emosionele alleenheid uitgeroep: “Eli, Eli, lemá, sabagtani?” Dit is: My God, my God, *waarom* het U My verlaat?

Daar is geen antwoord uit die hemel terwyl Hy aan die kruis is nie. Het God ooit Sy *waarom* gehoor? Natuurlik, God hoor alles. Het God Hom nie jammer gekry nie? Ongetwyfeld, Hy is lief vir Sy Seun. Al beleef Jesus dat God Hom verlaat het, bid Hy tot God en bring Sy *waarom*-vrae na God toe.

Hy ontvang nie ‘n antwoord nie, maar Hy vind vrede want net daarna roep Hy uit: “Vader, in U hande gee Ek my gees oor.” Na hierdie woorde het Hy Sy laaste asem uitgeblaas (Lukas 23 en Matteus 27).

Jesus leer ons om in ons worsteling na begrip ons *waarom*'s na God te bring. Hy verstaan, al begryp ons nie.

## **Ekstra dae** **Bedank uit die verklarings-komitee**

Job het tot aan die einde van sy lewe nooit geweet oor die gesprek wat plaasgevind het tussen God en Satan nie. Hy het nooit geweet hoe God oor hom by die Satan gespog het nie. Sy onregverdige lyding het vir hom ‘n misterie gebly tot aan die einde van sy lewe. Hy het nie antwoorde gekry nie. Maar hy het by God uitgekom.





Ons gaan ook nie noodwendig antwoorde kry nie. Sommige gebeure in jou lewe gaan 'n misterie bly. Die 6 miljoen mense wat gesterf het in Duitse kampe in WO2 sal 'n misterie bly. Die 200 miljoen mense wat tydens die swartgriep in die middeleeue in Europa gesterf het, sal 'n misterie bly. Die 230 000 mense wat in die 2004-tsoenamie gesterf het, sal 'n misterie bly. Die duisende mense wat aan die Corona virus sal sterf, sal 'n misterie bly.

Leer om te lewe sonder om alles te verklaar of antwoorde op alle vrae te kry. Lewe deur geloof eerder as sig. Fikile Magubane vertel in haar ontroerende boek *Son, are you standing or hanging*, van haar seun se selfmoord. Haar meelewing met die smart van die 11 September 2001 ramp het haar gehelp om deur haar persoonlike rou te beweeg. Sy beskryf haar soeke na die antwoord op die ewige *waarom*-vraag:

I knew that my son had killed himself, but I would never know why. I had to learn to let go of this 'why'. It all boils down to choice. You can choose to remain a victim or become a survivor. You can go through life feeling sorry for yourself or decide to ride the rivers of pain.

### **Ekstra dae**

#### **Chaos tydens trauma nie buite God se beheer nie**

*Kyk die seekoei: Ek het hom gemaak toe Ek jou gemaak het,  
Job 40:10*

*Kan jy 'n krokodil met 'n hoek vang of hom 'n tou in die bek sit?  
Job 40:20*

As gevolg van sy lyding sien Job die lewe as chaos. Trauma maak dat 'n mens die wêreld as chaos sien. God gebruik nou twee voorbeelde (werklik of mitologies) om te illustreer dat die chaos onder Sy beheer is. Die twee voorbeelde wat God gebruik is die van die krokodil en die seekoei.

Daar is geglo dat die krokodil die draak is wat vuur spoeg en is as sodanig deur almal gevrees. Die seekoei was weer die landdier wat die magte van chaos verteenwoordig het.

God sê vir Job: "Ek het die krokodil en die seekoei gemaak en Ek beheer hulle."

God probeer vir Job wys dat goddelike mag die chaotiese magte beheer alhoewel God terselfdertyd sê dat hulle nie vernietig sal word nie. Hulle is



magte wat bestaan in die wêreld. Die Here gaan nie dadelik 'n einde aan hierdie chaos maak nie, maar dit val nie buite Sy beheer nie. God sit nie op 'n wolk en kou Sy naels en wonder wat Hy met die wêreld moet doen nie. Hy weet presies. Daar is boosheid in die wêreld, maar die wêreld is nie boos nie. Daar is chaotiese magte in die kosmos, maar die heelal is nie chaos nie.

## **Ekstra dae Groei in Job se geloofslewe tydens die trauma**

*Tot nou toe het ek net gehoor wat mense van U sê, maar nou het ek U self gesien. Ek smelt nou voor U, en vind daarin my troos, alhoewel ek nog steeds in sak en as sit.*

*Job 42:5-6*

Job verstaan nou die vryheid en liefde wat God se plan deurdrenk. Eers as ons beseft dat God se liefde vrylik betoon word, kom ons ten volle in die teenwoordigheid van God. Genade is nie die teenoorgestelde van geregtigheid nie. Genade gee eerder aan geregtigheid sy volle betekenis. God se liefde opereer nie in 'n wêreld van oorsaak en gevolg nie maar in 'n wêreld van vrye liefde. God tree in vrylike goddelike wil op en doen wat Hom behaag. Mense wat wil voorspel hoe God gaan optree begryp nie Sy plan nie. God is nie soos 'n vriend vir wie ek iets moet doen sodat ek dit later kan terugkry as ek hom dan nodig het nie.

Job het gevoel dat as hy onskuldig is, was God skuldig. Job moes deur die omheining van die godsdienstige denke om hom breek voordat hy vry in God se veld van liefde kon hardloop en asemhaal in vrye lug soos die diere wat in God se argument beskryf is. Job verstaan nou dat regverdigheid geleë is binne die breë en uitdagende horison van vryheid wat gevorm word deur God se liefde.



## Ekstra dae

### Groei in Job se geloofslewe tydens die trauma

*So sê die Here die Almagtige: “Daar sal weer bejaarde mans en vrouens op die pleine in Jerusalem sit. Die pleine in die stad sal vol seuns en dogters wees wat daar speel. As dit vir die oorblyfsels van hierdie volk vandag onmoontlik lyk, moet dit dan ook vir My onmoontlik lyk? Daar sal voorspoed wees, die wingerdstok sal sy druiwe dra, die land sal sy oes lewer, die hemel sal sy vog lewer, en Ek sal dit alles aan die oorblyfsels van hierdie volk gee.”*

*Sagaria 8:4-6*

Job se verhaal het my diep aangeraak. En ek is dankbaar dat sy verhaal in die Bybel opgeteken is want tot 'n mate kan dit my voorberei vir trauma's wat nog mag kom. Soos julle, weet ek nie wat môre bring nie. Maar Job het my geleer dat wanneer die trauma kom en ek op die ashoop sit kan ek God vertrou, al kan ek nie verstaan waarom Hy dit toelaat nie. Ons lewens is in God se hande. Hy sal ons hier in die Suidpunt van Afrika nie verlaat nie, al voel dit soms so. Hy sal ons nie los in hierdie virus-pandemie nie.

Job se geloof het die kragbron in sy lewe gebly ten spyte van al die trauma's wat met hom gebeur het. Hy het genade op genade reeds lank voor sy afgryslieke trauma's ontvang. Die trauma's en die keuses wat hy daarna gemaak het, het slegs sy geloof wat reeds bestaan het, verdiep.

Ek sien hoe 'n getraumatiseerde land en wêreld deur die splinterruit van trauma God aanroep en glo aan 'n lewe saam met Hom wat vir ons gesterf het sodat ons vir ewig kan lewe. En ek glo dat daar 'n dag sal kom waarin Sagaria 8:4-6 vir ons in Suid-Afrika 'n waarheid sal word.

